
EK IS DIE WEG, DIE
WAARHEID & DIE LEWE
NIEMAND KOM NA DIE VADER TOE
BEHALWE DEUR MY NIE
JOHANNES 14:6

1Dawid het al die uitgesoekte manne in Israel bymekaargemaak, dertig
afdelings. 2Hy het klaargemaak en saam met die hele leër na Baäla in
Juda toe gegaan om die ark van God te gaan haal. Dit is die ark waaroor
die Naam: “die Here die Almagtige wat oor die gerubs troon”, uitgeroep
is. 3Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa gelaai en dit weggevat uit
die huis van Abinadab op die heuwel. Ussa en Agjo, seuns van Abinadab,
het die wa 4waarop die ark van God was, gedrywe. Agjo het voor die ark
geloop. 5Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van die Here
gedans, begelei deur liedere, liere, harpe, tamboeryne, ratels en simbale.

6Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, gryp Ussa na die ark van
God om dit teë te hou, want die osse het gestruikel. 7Die toorn van die
Here het teen Ussa ontvlam en God het hom net daar, by die daad van
heiligskennis, getref. Hy het op die plek gesterf, langs die ark van
God. 8Dawid was diep ontsteld omdat die Here vir Ussa so weggeskeur
het, en hy het daardie plek genoem Ussa-se-Skeur. Dit is nou nog die
naam.
9Dawid het daardie dag bang geword vir die Here en gesê: “Hoe kan
die ark van die Here nou na my toe kom?”
10Hy het nie kans gesien om die ark van die Here by die Dawidstad te
laat inkom nie en het dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom toe
wat uit Gat afkomstig was. 11Die ark van die Here het drie maande in
Obed-Edom se huis gestaan, en die Here het hom en sy hele gesin
voorspoedig gemaak.

12Daar is toe aan Dawid vertel: “Die Here het die gesin van Obed-Edom voorspoedig gemaak en al sy besittings vermeerder ter wille van die ark van God.”
Dawid het toe gegaan en die ark van God met feesvreugde uit die huis van Obed-Edom na die Dawidstad toe laat bring. 13Elke keer wanneer die draers van die ark van die Here ses tree gestap het, het hy 'n bul en 'n vetgemaakte kalf geoffer. 14Met volle oorgawe het Dawid voor die Here gedans met net 'n linneskouerkleed aan. 15Hy en die hele Israel het die ark van die Here met gejuig en onder die geklank van die ramshoring ingebring